education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 10

## AFRIKAANSE EERSTE ADDISI ONELE TAAL V3

## MODELVRAESTEL

**TYD: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye**

**111 3 F**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings: AFDELING A, AFDELING B, AFDELING C en AFDELING D.

   AFDELING A: KREATIEWE OPSTEL
   AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK
   AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK
   AFDELING D: NASLAAN-, INFORMATIEWE, VISUELE EN MULTIMEDIA-SKRYFSTUKKE

2. Skryf VIER skryfstukke:

   EEN vraag uit AFDELING A.
   EEN vraag uit AFDELING B.
   EEN vraag uit AFDELING C.
   EEN vraag uit AFDELING D.

3. Jy benodig EEN DUBBELFOLIO en VYF ENKELFOLIO'S.

   3.1 Gebruik die dubbel folio vir die beplanning van jou vier skryfstukke en as 'n omslag vir jou werk.

   3.2 Gebruik EEN enkel folio vir jou eerste poging en EEN folio vir jou finale skryfstuk in AFDELING A.

   3.3 Gebruik EEN folio elk vir AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

4. Voer die opdragte by elke vraag wat jy kies, versigtig uit.

5. Nommer die skryfstukke wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin elke skryfstuk op 'n NUWE bladsy.

7. Gee spesiale aandag aan sinskonstruksie en spelling.

8. Dui die getal woorde aan die einde van elke teks aan.

9. Lees jou skryfwerk versigtig deur voordat jy dit inlewer.

10. Skryf netjies en leesbaar.

11. Beplan jou tyd.

12. Lewer jou vraestelpakkie in soos wat jy dit ontvang het.

**AFDELING A: KREATIEWE TEKS**

**VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf 200 – 250 woorde oor die onderwerp.
- Doen eers 'n beplanning, skryf 'n eerste poging en skryf dan eers jou finale skryfstuk vir assessering.

**1.1 DIE DAG IN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR**

Daar het iets by die skool gebeur en jy het in die skoolhoof se kantoor beland. Hy gaan jou ouers bel en jy wil hulle waarsku, want jy is skuldig/onskuldig. Vertel vir jou ouers van alles wat in die skoolhoof se kantoor gebeur het en waarom jy onskuldig is.




Dink aan:
- Wie almal deur die hoof ingeroep is
- Wat gebeur het
- Wie skuldig/onskuldig is
- Wat met jou gebeur het
- Wat die skoolhoof nou gaan doen

**OF**

**1.2 'N ONAANGENAME PARTYTJIE**




Jou ma en pa het vir jou toestemming gegee om na ? partytjie te gaan. By die partytjie was daar baie probleme en alles het verkeerd geloop. Vertel van die probleme by die partytjie en van alles wat verkeerd geloop het.

Dink aan:

- Die soort partytjies waarvan tieners hou
- Die dinge wat tieners by partytjies doen
- Of al die tieners dieselfde dinge by hierdie partytjies doen
- Of die ouers weet van die dinge wat hulle tieners doen

**OF**

## 1.3 ONS SKOOL GEE OM

Huisgenoot het ? projek, *Ubuntu*, begin om kinders en jongmense wat hulp nodig het, te help. Hulle gee nie geld nie, maar hulle gee gewone goed soos tekkies, inkleurpotlode, 'n reënjas of lekker warm nagklere – daardie klein dingetjies in die lewe wat 'n verskil kan maak.

Vertel wat julle skool al gedoen het / gaan doen om kinders of jongmense te help.

UBUNTU is ? woordjie vol betekenis en kom van die Nguni-taalgoep. In Zoeloe is dit ?umuntu ngumuntu ngabantu" wat beteken dat ? mens net ? mens is deur ander mense – eers wanneer jy iemand anders as ? mens respekteer, kan jy jouself respekteer. Ubuntu soek altyd na die dinge wat goed is in die mens.

Dink aan:

- wie julle gehelp het/nog gaan help
- Wat die mense nodig gehad het/nog nodig het
- Wat dit vir hulle beteken het/nog gaan beteken
- Waarom julle gehelp het/nog gaan help
- Wat dit vir julle beteken/gaan beteken om hierdie mense te help
- Die regte feite van wat hierdie mense eintlik nodig het

[50]


**OF**

## 1.4 DIE MUSIEK WAARVAN EK HOU

Jou ouers wil graag 'n CD (kompakskyf) vir jou koop, want jy het goed gedoen in die eksamen. Hulle weet egter nie watter soort musiek jou gunstelingmusiek is nie.

Beskryf die soort musiek waarvan jy hou.






Dink aan:

- Die sanger(es)/groep se musiek waarna jy luister
- Watter soort musiek dit is
- Waarom jy van hierdie soort musiek hou. [

**OF**

**1.5 VRIENDSKAP**



Nomsa, Mpho en Justine is op Siyafunda Sekondêre Skool. Hulle is groot vriende, gee baie om vir die ander leerders by die skool en help altyd met advies (raad) om probleme op te los. Dan is daar ook leerders by die skool wat groot probleme veroorsaak en vir niemand omgee nie.

Bespreek die belangrikheid van vriendskap in ? mens se lewe.

Dink aan:

- Die tieners met wie jy vriende is
- Watter soort vriendskap julle het
- Wat julle alles saam doen
- Hoe julle voel oor ander tieners se vriendskappe
- Wat vriendskap vir ? mens beteken, goed of sleg

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.
- Jy moet bewyse van jou beplanning gee.
- Merk jou finale poging duidelik vir assessering.

### 2.1 INFORMELE BRIEF AAN DIE PERS

Lees die volgende twee briewe wat die tieners aan *Vra Marí, Huisgenoot*, geskryf het.

**Vra Marí**

Het jy ? probleem?
Skryf aan ons by *Vra Marí*, *Huisgenoot*,
Posbus 1802, Kaapstad, 8000.

Ek is vyftien en verlief op ? meisie in my klas. Die probleem is dat ek uitgaan met ? meisie wat in ? graad laer as ek is en ek voel te sleg om die verhouding te beëindig, want ek het belowe ek sal altyd vir haar lief wees. Dinge tussen ons is nie meer soos dit was nie, maar ? belofte is ? belofte.

Wat moet ek doen?

Verlief en verlore

Ek is sestien en het ? probleem met my ouers. Hulle wil nie hê ek moet iets met seuns te doen hê nie. Hulle sê ek moet op my skoolwerk konsentreer. Volgens hulle is daar nog baie tyd vir kêrels wanneer ek met skool klaar is. Maar ek stem nie saam nie. Al my vriendinne het kêrels.

Wat dink jy?

Baie ongelukkig

Kies EEN van hierdie twee briewe. Skryf ? informele brief aan *Vra Marí* by *Huisgenoot* waarin jy jou opinie gee.

Jy moet ook ? skuilnaam gebruik.

**[30]**

**ÓF**

### 2.2 AGENDA EN NOTULE VAN 'N VERGADERING

Die graad 10-groep wil ? disko re?l voordat julle begin eksamen skryf. Die skoolhoof het gesê hy sal dit toelaat as julle vir hom die beplanning bring vir die aand. Julle het ? komitee van tien leerders gekies om by ? vergadering oor die disko te praat.

**2.2.1 Agenda van die vergadering**

Die voorsitter vra jou om die agenda saam te stel.
Stel die agenda saam onder die volgende opskrifte, maar skryf die opskrifte in die korrekte volgorde :

- ? Opskrif vir die agenda.
- Die beplanning vir die disko onder verskillende opskrifte.
  - § Die verwelkoming en wie teenwoordig is by die vergadering.
  - § Is daar iemand wat afwesig is?
  - § Die afsluiting en wanneer die volgende vergadering gaan wees.
  - § ? Geleentheid vir die leerders om onder algemeen nog iets te sê. (10)

**EN**

**2.2.2 Notule van die vergadering**

Jy moet ook die notule skryf terwyl julle die vergadering hou. Maak seker dat jy die volgende dinge onthou:

- ? Hoofopskrif vir die notule wat sê watter vergadering dit is wat julle hou en die dag, datum, tyd en plek.
- Die opskrifte vir jou notule moet aansluit by die opskrifte van die agenda wat jy opgestel het.
- **E**indig die notule met ? opskrif vir die notule om goedgekeur te word en met ? datum en ? plek vir die voorsitter se handtekening. (20)

**[30]**

**OF**

## 2.3 RESENSIE

Jy het saam met die skool na ? goeie fliek gaan kyk vir filmstudie in een van die tale. Julle moet nou elkeen ? resensie oor die fliek skryf. Begin jou resensie met die volgende opskrifte:


- Titel van fliek: ...
- Soort fliek: ...
- Akteur(s) en/aktrise(s): ...
- Ouderdomsbeperking: ...
- Gradering: ... **[30]**


**ÓF**


## 2.4 OOGGETUIEVERSLAG

Jy was in ? motor op pad êrens heen toe ? ongeluk voor jou o? gebeur het. Die Ongeluk het begin soos in een van die volgende prentjies.

Kies een van die prentjies en skryf ? verslag vir die polisie oor die ongeluk.




**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 3

- Kies EEN vraag en skryf 50 -100 woorde oor die onderwerp.

### 3.1 UITNODIGINGSKAARTJIE

Jou ma wil 'n verjaarsdagpartytjie vir jou vyfjarige boetie of sussie reël.

Ontwerp ? uitnodigingskaartjie vir die verjaarsdagpartytjie.




**OF**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Julle klas het in Lewensori?ntering gepraat oor die belangrikheid van ? goeie selfbeeld vir ? tiener. Julle moes elkeen vyf dinge neerskryf wat julle kan doen om dadelik beter te voel oor julleself.

Skryf die VYF dinge wat jou dadelik beter laat voel in jou dagboek neer. Hoekom laat dié vyf dinge jou beter voel?

**OF**

### 3.3 'N FAKS

Jy is ? jong entrepreneur en wil deelneem aan *Rapport* en ABSA se TOP-Entrepreneurskompetisie.Jy maak ? produk met jou hande wat jy op die vlooimark verkoop.

Skryf ? faksboodskap aan Rapport by 011713 9977 en vra vir inligting oor hierdie kompetisie. Maak gebruik van die vorm op die volgende bladsy. Trek dit oor in jou antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

## FAKS

| | |
|---|---|
| **DATUM** | |
| **VIR AANDAG AAN** | |
| **FAKSNOMMER** | |
| **VAN WIE** | |
| **KONTAKNOMMER(S)** | |
| **ONDERWERP** | |

**BOODSKAP**

**TOTAAL AFDELING C : 10**


**AFDELING D: NASLAAN -, INFORMATIEWE, VISUELE EN MULTIMEDIATEKSTE**

**VRAAG 4**

- Kies EEN vraag en skryf 50 – 100 woorde oor elkeen.

**4.1 AANWYSINGS**


Julle gesin gaan hierdie Julie-vakansie by familie in Kaapstad kuier. Julle woon in Witbank. Gebruik die onderstaande kaart en skryf vir jou pa die aanwysings hoe om van Witbank tot by Kaapstad te ry, neer. Watter pad gaan julle kies en waarom? Waarvoor moet julle op hierdie roete versigtig wees?




]

**OF**

## 4.2 STROOIBILJET




Lees die dialoog in die bostaande prent. Beplan 'n strooibiljet wat julle by die skool wil versprei om al die leerders in te lig oor die nuwe leerder. Watter inligting, dink julle, moet julle vir die leerders gee om die blinde leerder tuis te laat voel?

Die opskrif van julle strooibiljet is: *Plan van aksie*.

**OF**

## 4.3 ADVERTENSIE

Julle skool bied ? dinee aan om geld in te samel. Die skool het rekenaars nodig vir die rekenaarsentrum.

Ontwerp ? advertensie om die geleentheid te adverteer.

Dink aan:
- Die datum vir die dinee
- Hoe laat die dinee sal begin
- Waar die dinee sal plaasvind
- Hoeveel elke persoon moet betaal

**OF**

## 4.4 TELEFOONBOODSKAP

Jy het ingeskryf vir ? kompetisie wat in die tydskryf, *Drum*, geadverteer is. Jy moet ? foto van enige bekende persoon in Suid-Afrika neem sonder dat hierdie persoon dit weet. Ons noem dit ? steelfoto. Jy kan die foto self neem of jy kan die tydskrif tolvry skakel by 083 318 9868 en hulle stuur ? fotograaf. Jy het nie ? ? kamera nie.

Skakel die tolvrye nommer en laat ? boodskap dat ? fotograaf jou dadelik moet terugskakel.

**TOTAAL AFDELING D: 10**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou 